

ONTKENNING

Skryf die onderstaande sinne in die ontkennde vorm:

1. Daar is al baie pogings aangewend om van die spook ontslae te raak.
 2. Ons was reeds flou.
 3. Daardie middag het die lodge-bestuurder, Carina Blofield, al opgemerk een van die diere is gewond.
 4. Is hulle al bereid om dit 'n tweestryd te noem?
 5. Kyk, ek hou mos óf van motorry, óf van treinry.
 6. Ek was nog jonk genoeg om dit bonatuurlik te vind.
 7. Het Ma al gesien as Jakkie se pa in sy trokkie daar inswaai?
 8. Fnuik jou winterlamheid!
 9. Iemand moet hierdie mite glo.
 10. Dit lyk of vreemde goed altyd met volstruise gebeur.
 11. Het jy al ooit so 'n vrot verskoning gehoor?
 12. Hy slaap nog.
 13. Zorro, die seekoeibul, se nuwe "reisdokumente" is al gereed.
 14. Dié rondloper van 800 kg geniet steeds die water van 'n opgaardam by die Kaapse Vlakterioolwerke.
 15. 'n Mens vier mos altyd die drie in die oomblik wanneer hy gedruk word.
 16. Word óf 'n gerespekteerde pasifis en vol aanvaarding vir ander óf 'n vegetariër.
 17. Die boodskap is nog steeds dieselfde.
 18. Leen hy ooit my liniaal?
 19. Ek het al baie Amerikaanse televisiereekse gesien.
 20. Lê julle altyd so laat?
 21. Vir die Amarok is óf laaibakafmetings, óf kajuitruimte belangrik.
 22. Al die ander kinders werk!
 23. Hy kan tyd nog steeds laat stilstaan.
 24. Kan hy nog steeds tyd laat stilstaan?
 25. Dit behoort maklik vir jou te wees om 'n boelie te hanteer.
-

DIREKTE EN INDIREKTE REDE

Herskryf die volgende sinne in die indirekte rede:

1. Die familie sê: "Ons weet regtig nie hoe lank ons dit nog hier sal kan uithou nie."
2. Dis toe dat een van die manlike gaste lostrek met: "Alles is moeiliker met 'n ring aan."
Begin die sin met: *Een van die manlike gaste sê ...*
3. "Ek is so bly jy het 'n boek gevind wat jy wil lees." Begin jou antwoord met *Sy ma sê ...*
4. Die bruid het op Twitter geskryf: "Toe ek vanmiddag in die kerk instap, het ek geweet trou is vir altyd."
5. "Ons monitor ons renosters twee maal per dag," het Blofield gesê.
6. Die vrou sê: "Dan kan ons nog iets kry om te eet."
7. "Goeie maniere is belangrik," sê Ouma.
8. "Ek hoop hierdie sal 'n lig in die donker wees," het die pous gesê.
9. Die erkende skrywer het gesê: "Ek sal vandag vir my 'n verafgeleë woning kry."
10. "Ek dink ons moet mekaar net eers weer leer ken," het Iris gesê.
11. "Voel jy nou beter?" het hy gevra.
12. "Ek hoop nie hy's laat nie," sê Johanna.
13. "My man het gister 'n geritsel gehoor en gedink dit is ons driejarige seun wat na ons kamer kom," het mev. Hugo gesê.
14. "Een van my spinners het my gebel en vertel die sybokhaargaring wat gebruik is, is dié wat hy verlede jaar op my plaas kom besigtig het," vertel Michau.
15. Michau het gesê: "Ons het almal dekades belê in die produksie van die wêreld se beste sybokhaar."
16. "Ek dink ook my span is talentvol," sê Ross.
17. Anne sê: "Ek gaan vandag hard leer."
18. Juffrou vra vir die Graad 12-klas: "Het julle gister se vraestel geniet?"
19. Melissa het gevra: "Dink julle regtig die onderwysers sal vandag hersiening doen en dan nie die goed in die eksamen vra nie?"
20. Flo sê: "Ek dink my man het gister iets gesien waarvan ek sal hou."
21. Gammie sê: "In '96 het ek aansoek gedoen vir 'n sekuriteitswerk, maar hulle het op my aansoek gesien dat ek in Manenberg bly en toe het ek nie die werk gekry nie."
22. "Ek is nie kwaad vir Cedrick nie en het hom lankal vergewe," het sy gelag.
23. Die vrou sê vir haar man: "Ek en jou beursie gaan winkel toe."
24. Salinger het gesê: "Ek glo in ongewone dinge soos homeopatie."
25. Die NEF sê: "Van vandag tot die einde van die jaar sal ons dus op ekologiese skuld leef."
26. Loretta sê: "Vandat ek Nols met my selfoon afgeneem het, kry ek geen sein meer nie."
27. "Dis wonderlik om te dink ek gaan vandag weer op droë grond loop," het sy gesê.
28. Wildehond het gesê: "Probeer tog nou, asseblief, om nie weer droog te maak nie!"
29. Sy sê: "Dag twee was vir my moeiliker as dag een."
30. Neelsie het gesê: "Ek het gister besluit ek gaan hierdie jaar hard werk!"
31. Sy sê: "Ons kan nie, want dis my beurt om tee by die tennisklub voor te sit."
32. Helga vra vir Hägar: "Hou jy van die groen rok?"
33. Die spreker sê: "Allerliefste, ek stuur vir jou 'n duif."
34. "Vanweë die gehalte van die forel en die benadering wat ons gevolg het, kon ons dadelik die kleinhandelmark betree," verduidelik mnr. Stuart Slabbert, die projektebestuurder.

35. Du Plessis het gevra: "As ons nie die geld aan die toernooi bestee het nie, wat anders kon ons daarmee gedoen het?"

Herskryf die volgende sinne in die DIREKTE REDE:

1. Boetie sê as 'n vreemdeling hom in sy huis bedreig, sal hy ook skiet.
2. Die staatsaanklaer het aan die hof gesê dat Stallone se optrede die vorige dag te kenne gegee het dat hy geweet het dat hy oortree.
3. Mev. Desireé Coetzee sê toe sy die harde slag hoor, het sy gedink iemand het haar winkelrakke omgegooi.
4. Melissa sê dat 'n mens sjokolade of koffie moet vermy.

GRAAD 11 : DERDE KWARTAAL : WOORDSOORTE

VOEGWOORDE

1. Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:
Ek het nog nooit aan spoke geglo nie. Ek het gou van deuntjie verander. (dog)
 2. Verbind die onderstaande twee sinne met behulp van 'n gepaste voegwoord:
'n Musikus kon baie goed kitaar speel. Op die onthaal by sy troue besluit hy om self musiek te maak.
 3. Verbind die onderstaande twee sinne deur die voegwoord *gevolglik* te gebruik:
Die seun het nie die stopteken verstaan nie. Hy het dit verontagsaam.
 4. Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:
Dit is die beste om dadelik te bel. Jy kan om verskoning vra. (sodat)
 5. Skryf die sin hieronder oor en vervang die onderstreepte voegwoord met daarom.
Helga werk 24 uur per dag en sy is 'n voorbeeld vir haar dogter.
 7. Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies. Dalk verkies jy om elke dag 'n bietjie te werk. Die werk raak nooit te veel nie. (sodat)
 8. Voeg die onderstaande twee sinne in een sin saam deur die voegwoord *aangesien* te gebruik: *Maar hoekom gaan jy en die kinders tog nie? Ek sal nie omgee nie.*
 9. Gebruik die woord gevolglik om een sin van die twee sinne hieronder te vorm:
Louwrens het 'n unieke aanslag in haar skryfwerk. Die boek slaag daarin om tienerkwessies op 'n nuwe manier te belig.
 10. Gebruik die woord *hoewel* en vorm een sin van die twee sinne hieronder:
Onbekend is manna vir aksieliefhebbers. Die wilde jaagtog deur Berlyn in 'n taxi grens aan die absurde.
-

LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

Skryf oor in die lydende vorm:

1. 'n Vlieënde blik ertjies het 'n ander inwoner rakelings gemis.
2. Die afgelope ses maande het wildstropers altesame 156 swartrenosters afgemaai.
3. Nederige sjokolade, tennisbeskuitjies, room en kondensmelk haak vir ons die knoop deur!
4. My niggie het vir my 'n lang brief uit Holland geskryf.
5. Die diewe breek by die huis in.
6. McIlroy het voorheen Titleist-toerusting gebruik.
7. 'n Gasvrou verwelkom altyd sjokolade.
8. Fifa se mense het die maakproses fyn dopgehou.
9. Die vroue het die naaldwerk gou bemeester.
10. Ons bespreek hare en skoonheid.
11. Johnna Rizzo het dierenavorsing gedoen.
12. 'n Swartwildebees het 'n vermeende veedief so erg verniel dat hy ná doktersbehandeling nog nie lekker kan loop nie.
13. Brasse gaan hulle nuwe CD, *Yskoud*, die winkels instuur.
14. Die boomkappers het hulle gedurende die opruimingsproses gevind.
15. Sy het die twee parkiete vroeër vanjaar hierheen gebring vir versorging nadat hul ma in 'n reënstorm gevrek het.
16. Hierdie soort mense inspireer ons om Afrikaans te ondersteun.
17. Een van hulle het die agterste ruit gebreek.
18. Die wenspan het laat in die tweede helfte twee doele in die Gunners se doelhou gebêre.
19. Amptenare het oral in die ruskamp karkasse opgetel.
20. Ons sal vyfhonderd 'Chicky Meals' aan die Nelson Mandela Kinderfonds skenk.
21. Kurt Darren het dié liedjie met oorgawe gesing.
22. 'n Simpel papierstokkie het haar lewe beheer.
23. 1.2 miljoen bote hou hom daar.
24. 'n Vreeslike sneeustorm het hulle getref.
25. Pratley het die maatskappy in 1948 gestig.
26. In 1998 het mnr. Mandela die berg as 'n geskenk aan die aarde beskryf.
27. Jy moet 'n studietoetine ontwikkel.

Skryf oor in die bedrywende vorm:

1. Uiteindelik word die pryse aangekondig.
2. In 2012 is die beendere van die Engelse koning Richard III onder 'n openbare parkeerterrein in die Britse stad Leicester ontdek.
3. My sakgeld is deur my in 'n bankrekening gehou.
4. Die vier renosters is verlede week Donderdag deur stropers geskiet.
5. Tintelende sangaande word tydens teatrale kaggelaande vir uitverkore toergroepies gereël.
6. Drie bemanningslede is 1 300 km suidoos van Port Elizabeth deur die SA Agulhas gered.
7. E-boeke word dus redelik gereëld deur my gelees.
8. Hoërskoolmeisies sal deur Katie se anderse verhouding met Finn geboei word.
9. Ander detail word skitterend deur die Spanjaard, Jaumet Collet-Serra, uitgelig.
10. Twee regte avokado's word in elke 200g-houer gebruik.

TYD

1. Skryf die onderstaande sin in die verlede tyd: *Ek kan nie glo wat ek sien nie.*
2. Skryf die sin oor in die toekomende tyd: *Honde drink soms water uit toiletbakke.*
3. Skryf in die verlede tyd: *Hanlie Gouws skryf hoe dié skip onder jou vel inkruip.*
4. Herskryf die onderstaande sin in die toekomende tyd:
5. *Vyftig jaar later is die boodskap steeds dieselfde.*
6. Herskryf die volgende sin in die toekomende tyd: *Ek en Toetsie is op pad na 'n hondeskou.*
7. Skryf die sin in die toekomende tyd neer: *Vrouens vat altyd lank om aan te trek.*
8. Skryf in die verlede tyd: *Harris word in 'n maalkolk van 'n alleenstryd gedompel.*
9. Herskryf in die toekomende tyd: *Weens dalende tunabevolgings is die Japannese mark immer op die uitkyk na soesji-alternatiewe.*
10. Skryf in die teenwoordige tyd: *Nelson Mandela het die grootste deel van sy lewe opgeoffer.*